YONDER HARTSFEES 2026

Tel: 053 841 0537 mail.yonder@gmail.com

# 1. Bepalings en Voorwaardes: "Bou ons Hartjie" Skole-uitdaging 2026

## 1. Deelname en Opdrag

- **Deelname:** Die kompetisie is oop vir alle laer- en hoërskole.
- **Aantal inskrywings:** Onbeperk.
- **Materiaal:** Kunswerke moet gemaak word van herwinbare materiale (bv. plastiekbottels, blikkies, karton, ens.) om volhoubaarheid te bevorder.
- **Groottebeperkings:** Kunswerke mag nie groter as 1.5m hoog wees (of Hartjie in lewende lywe) nie, om vervoer en uitstalling prakties te hou.
- **Video-vereiste:** Deelnemers moet 'n TikTok-video maak wat hul bou-proses wys. Hierdie video moet op **1 Augustus 2026** op beide Facebook en TikTok geplaas word, saam met die amptelike hutsmerk (hashtag) **#YonderHartsfees**.

## 2. Inhandiging en Vervoer

- **Aflewering:** Skole is verantwoordelik vir die veilige aflewering van die kunswerk by ProPlants (Kimberley) teen **31 Julie 2026**.
- **Verskuiwing na Fees:** Die Yonder Hartsfees-organiseerders sal die kunswerke vanaf ProPlants na die feesterrein verskuif vir die finale uitstalling.
- **Aanspreeklikheid:** Die organiseerders aanvaar geen aanspreeklikheid vir skade of verlies van kunswerke tydens uitstalling of vervoer nie.

## 3. Identifikasie en Beoordeling

- **Merk van Kunswerk:** Elke inskrywing moet die ingevulde en gelamineerde **Amptelike Inskrywingsvorm** (sien aangeheg) as identifikasie-etiket hê, wat stewig aan die kunswerk vasgemaak is.
- **Foto-rekord:** Skole moet 'n foto van die voltooide kunswerk saam met die amptelike inskrywingsvorm na Gimel (WhatsApp: 078 297 5967) stuur as bewys van inhandiging.
- **Besluit:** Die beoordelaars se besluit is finaal.
- **Publieke Deelname (Die "Groot Lawaai"-faktor):** Die finale beoordeling sal nie net deur die paneel gedoen word nie, maar die gehoor se reaksie gaan 'n amptelike rol speel. Skole word aangemoedig om hul leerders, ouers en ondersteuners saam te bring om soveel as moontlik geraas (toeklap en skree) vir hul skool se inskrywing te maak tydens die beoordelingsproses. Die "crowd noise" sal 'n vasgestelde persentasie van die finale punt uitmaak.

## 4. Aankondiging en Pryse

- **Wanneer:** Wenners word op **5 September 2026, vanaf 10:00 die oggend** tydens die fees aangekondig.
- **Teenwoordigheid:** Ten minste een verteenwoordiger van die skool moet teenwoordig wees om vir die prys van R10 000 in aanmerking te kom.
- **Gratis Toegang vir Leerders:** Om deelnemende skole te help om hul ondersteuners daar te kry, sal alle skoolleerders gratis toegang tot die feesgronde kry op Saterdag, 5 September 2026, tussen 09:00 en 10:00 die oggend, op voorwaarde dat hulle hul amptelike skooluniform (skoolklere) aanhet. Na 10:00 sal die normale herlaaibare toegangsfooie geld.

---

# 2. Die Amptelike Inskrywingsvorm (Etiket)

**BOU ONS HARTJIE 2026 – INSKRYWING** > *(Sien die die Inskrywingsvorm op ons blad. Hierdie volledige vorm moet ingevul, gelamineer en as etiket aan die kunswerk vasgemaak word.)*

---

# 3. Vrywaring en Toestemmingsvorm

*Hierdie vorm moet saam met die kunswerk ingehandig word:*
**VRYWARING EN PUBLIKASIE TOESTEMMING**
Ek, die ondergetekende, in my hoedanigheid as verteenwoordiger van ________________________ (Skool se Naam), verklaar hiermee:

- **Vrywaring:** Ek verstaan dat die Yonder Hartsfees-organiseerders en ProPlants alle redelike sorg sal dra, maar dat hulle nie aanspreeklik gehou kan word vir enige skade, verlies of diefstal van die kunswerk tydens die uitstalling of vervoer nie.
- **Vervoer:** Ek gee toestemming dat die Yonder Hartsfees-span die kunswerk vanaf ProPlants na die feesterrein mag skuif.
- **Publikasie:** Ek gee toestemming dat foto's van die kunswerk en die betrokke leerders op sosiale media en ander platforms gepubliseer mag word vir bemarkingsdoeleindes.
- **Oordrag van Eiendomsreg:** Al die fisiese inskrywings (die eindprodukte) wat vir die kompetisie ingelewer word, word met inhandiging die permanente eiendom van Yonder Hartsfees en sal nie aan deelnemers terugbesorg word nie.

Geteken: _______________________ Datum: ______________Naam en van (verteenwoordiger): ___________________________

Gimel 078 297 5967